

17 Januarie

1 Korintiërs 5:1-13

'n Nuwe "ongesuurde" deeg!

'n Klein stukkie suurdeeg, maak uiteindelik die hele deeg suur. In die Bybelse tyd was die voorbeeld van suurdeeg dan ook in besonder gebruik as 'n voorbeeld van die werking van die sonde. Die sonde wat, as dit nie aangespreek en verwyder word nie, uiteindelik alles en almal rondom hom beïnvloed (net soos een vrot appel in 'n mandjie die hele mandjie later laat vrot word). Daarom het God, met die uittog uit Egipte ook uitdruklik beveel dat Israel "ongesuurde brode" moet eet, as teken van die feit dat hulle, met hulle vertrek uit Egipte, die sondes van Egipte gaan agterlaat. As herdenking van hierdie uittog en hulle nuwe begin, moes hulle jaarliks daarna die fees van die "ongesuurde brode" vier. Paulus gebruik ook nou hierdie beeld van die suurdeeg, as hy 'n baie belangrike saak aan die gemeente van Korinthe wil uitwys.

Hy het verneem dat hierdie gemeente die gruwelike optrede van 'n sondaar in hulle midde verdra het en glad nie vermanend teenoor hom opgetree het nie. As Christene wat wag op die Wederkoms van Jesus Christus is ons besig om fees te vier oor ons oorwinning en ons nuwe begin. Maar, - nou kan ons nie feesvier met 'n verdraagsaamheid teenoor die sonde wat so welig in ons midde (in die midde van die kerk / gemeente) groei en bloei nie, maar moet dit dringend uit ons midde verwyder word. Ons moet feesvier, met die regte ingesteldheid; - as ongesuurde (geheiligde) deeg.

God sal oor die goddelose buite die gemeente oordeel, maar die kerk en die gemeente het die taak en opdrag om hulle eie huis (gemeente) in orde te kry. Lees weer vers 12-13.

Sing Psalm 1:1 en 2

Ds. I.W. Ferreira (Wonderboompoort)